

1978

**BUITELANDSE BEARBEIDING  
SUID- EN NOORD-AMERIKA**

**AANVULLENDE VERSLAG**

van die

AKAE

aan die

**ALGEMENE SINODE**

(soos aangedui in paragraaf 7.1.4.7 van die Agenda)

(Sien p 620)

# AANVULLENDE VERSLAG

## VAN

### DIE AKAE AAN DIE ALGEMENE SINODE SOOS AANGEDUI IN PARAGRAAF 7.1.4.7 VAN DIE AGENDA VAN DIE ALGEMENE SINODE (SIEN P 620)

#### BUITELANDSE BEARBEIDING

#### BESOEK AAN LIDMATE IN SUID- EN NOORD-AMERIKA

##### 1. OPDRAG VAN ALGEMENE SINODE (Acta 1974, p 631)

- 1.1 In 1974 het die Algemene Sinode dit aan die AKAE opgedra om indien nodig 'n leraar na die Amerikas te stuur om die bearbeiding van ons lidmate aldaar te ondersoek.
- 1.2 Hierdie ondersoek moes verkieslik deur die Buitelandse Kapelaan in Europa (Ds. G.D.J. Krüger) onderneem word.
- 1.3 In voorbereiding tot so 'n ondersoek ter plaatse het ds. Krüger op versoek van die AKAE deur middel van korrespondensie heelwat gegewens ingewin. Hy kon egter vanweë sy vol program in Europa en die Midde-Ooste nie betyds so 'n ondersoek ter plaatse onderneem nie. Gevolglik het die AKAE sy skriba, ds. M.J. Smuts en sy eggenote gevra om so 'n besoek af te lê.
- 1.4 Ds. Smuts is gevra om tydens sy feitesending tegelyk 'n pastorale besoek aan soveel lidmate as moontlik af te lê.

##### 2. BESOEK AAN SUID- EN NOORD-AMERIKA

- 2.1 Omdat die AKAE geoordeel het dat Mev. Smuts 'n belangrike rol kan speel in die bereiking en bearbeiding van die vrouelidmate van die kerk, het sy hom vergesel op sy besoek wat vanaf 26 Mei tot 5 Julie 1978 afgelê is.
- 2.2 Om die ekskursie tarief van die S.A. Lugdiens te benut, moes die besoek binne 45 dae voltooi word. Sewentien stede is in sewe lande in die tydperk aangedoen. Ongelukkig kon besoeke aan Chili, Bolivia en Venuzuela nie in die program ingepas word nie.
- 2.3 **Samewerking van die Sekretaris van Buitelandse Sake**
  - 2.3.1 Vanweë die feit dat die besoek aan die Amerikas hoofsaaklik gerig sou wees op die lidmate wat in die Buitelandse Diens staan, was dit

gebiedend noodsaaklik dat die Sekretaris van Buitelandse Sake hieroor ten volle ingelig moes word. Verder was die samewerking met die Buitelandse Kantore baie noodsaaklik met die oog op die verkryging van die adresse van ander Suid-Afrikaners wat in die buiteland werk of studeer.

- 2.3.2 Mnr. Brand Fourie het goedgunstiglik 'n onderhoud aan ds. Smuts toegestaan. Hy het dadelik en spontaan sy samewerking aangebied. Op sy eie inisiatief het hy al die betrokke Buitelandse Kantore ingelig oor ds. Smuts se besoek en gevra dat aan hom die nodige bystand verleen moes word.
- 2.3.3 Die waarde van hierdie mooi samewerking en die positiewe uitwerking kan nie maklik oorskat word nie. Ds. Smuts is oral hartlik deur die betrokke personeel ontvang en hierdie gesindheid kan in 'n groot mate aan mnr. Brand Fourie se optrede toegeskrywe word.

Dat die Staat so hartlik met die Kerk saamwerk ten opsigte van die geestelike heil van ons lidmate wat in die Buitelandse Diens staan, dwing ons tot diepe dankbaarheid.

#### 2.3.4 Aanbeveling

Die Algemene Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Staat, die betrokke Kabinetsministers en by name mnr. Brand Fourie vir die daadwerklike hulp wat aan ds. en mev. Smuts verleen is tydens hulle onglangse besoek aan die buiteland.

### 2.4 Voorbereiding

- 2.4.1 Om die betreklike hoë koste verbonde aan hierdie besoek te regverdig, moes alle moontlike weë benut word om die maksimum aantal adresse van lidmate in die Amerikas te bekom.
- 2.4.2 Afgesien van die name en adresse wat deur mnr. Brand Fourie voorsien is, is adresse bekom deur middel van afkondigings van al die kansels van ons kerk, die radio, kerklike tydskrifte en die pers. Nywerhede en ander liggame het ook hierin gehelp bv. Sasol, die WNNR, Satoer, ens.
- 2.4.3 Die hoofde van Missies in die Amerikas het skakelpersone benoem om die besoeke aan hul stede in oorleg met ds. Smuts te reël.
- 2.4.4 Alle gegewens wat geën is, is gesistematiseer, sodat met een oogopslag die persone wat in elke stad bereik moes word, nagegaan kon word.

2.4.5 Om die 24 vlugte op kort kennisgewing in te pas, is daar van elf rederye gebruik gemaak. Meer as 50 000 kilometer is in die tydperk onder die beskermende hand van die Here afgelê.

## 2.5 Besoek aan Suid-Amerika

2.5.1 Suid-Amerika is eerste aangedoen met besoeke aan Beunos Aires (Argentinië), Montivideo (Uruguay), Rio de Janeiro, Sao Paulo, Brasilië (Brazil), Asuncion (Paraguay), Lima en Arequipa (Peru).

2.5.2 Waar moontlik is twee byeenkomste in elke stad gehou — 'n gesellige byeenkoms met die oog op kennismaking en 'n godsdienstige byeenkoms. Persoonlike pastorale gesprekke is met talle individue gevoer. Afsonderlike byeenkomste is vir kinders gehou en twee gesprekke met 'n bruin en swart huiswerkster.

### 2.5.3.1 Beunos Aires

Hierdie ambassade het die grootste personeel van al die RSA Buitelandse Kantore in Suid-Amerika. Die lidmate kom maandeliks byeen vir 'n diens wat gelei word deur Padre Woolf van die Reformed Church. Hy lei die diens in Engels en is 'n nakomeling van die Afrikaners wat vroeg in die twintigste eeu na Argentinië geëmmigreer het. 'n Nie-amptelike ouderling reël die dienste en 'n nie-amptelike diaken, die finansies.

**Vanweë die taalprobleem** (Spaans), skakel die lidmate nie by plaaslike kerke in nie. Vyf-en-twintig persone is hier bereik.

### 2.5.3.2 Montivideo

Hier het ds. en mev. Smuts in die ampswoning van die Ambassadeur tuisgegaan. Al vier die personelede van die Ambassade met hul gesinne het die diens bygewoon.

### 2.5.3.3 Rio de Janeiro

Ook hier het ds. en mev. Smuts aan huis van die Konsul-Generaal tuisgegaan. Republiekdag is die aand van 31 Mei aan die ampswoning gesellig gevier. Honderd-en-dertig persone was aanwesig waaronder omtrent 20 Suid-Afrikaners. Die volgende aand is 'n godsdienstige byeenkoms aan die ampswoning gehou. 'n Besoek is ook in die kantore afgelê.

Die lidmate is by 'n Engelstalige gemeente, Union Church, ingeskakel. Die Konsul-Generaal is tans die voorsitter van die kerkraad. Die Union Church is "interkerklik" en staan oop vir almal wat Engels magtig is. Die inheemse taal is Portugees.

#### 2.5.3.4 Sao Paulo

Hierdie stad is byna vyfmaal so groot as Johannesburg. Ds. en mev. Smuts het die enigste lidmaat van die Ned. Geref. Kerk wat aan die Buitelandse Kantoorpersoneel verbonde is, nl. die Vise-Konsul, mej. J. Badenhorst, besoek.

#### 2.5.3.5 Brasilië (Hoofstad)

Saterdagavond is 'n gesellige byeenkoms in die Ambassadeur se woning bygewoon waar 'n vyftiental Suid-Afrikane teenwoordig was. Sondagoggend het ds. Smuts op uitnodiging 'n diens in Engels in die Union Church waargeneem. Ons lidmate is by die gemeente ingeskakel en 'n betreklik jong Suid-Afrikaner is voorsitter van die "kerkraad". (Die VSA Ambassadeurspaar was ook teenwoordig).

#### 2.5.3.6 Asuncion (Paraguay)

'n Besoek is aan huis van die Ambassadeur (Engelstalige) afgelê en 'n diens is gehou aan die huis van die eerste sekretaris. Tien persone was aanwesig.

#### 2.5.3.7 Lima (Peru)

Ds. en mev. Smuts het hier by die Handelskonsul en sy gade (dogter van wyle ds. Dawid Senekal) tuisgegaan. Afgesien van Bybelstudie is ook 'n diens in hul huis waargeneem. Al die personeellede met hul gades het die diens bygewoon. Ook hier skakel die lidmate by die Union Church in. Die gemeente se vroue-aksie word gelei deur een van ons vrouelidmate en twee personeellede is voorsitters van "kerkraadskommisies".

#### 2.5.3.8 Arequipa

Suid-Afrikane werk hier in 'n konsortium met ander lande saam aan 'n groot waterskema. 'n Onderwyser en onderwyseres (lidmate van ons Kerk) is hier besoek en 'n klein erediens is gehou.

### 2.5.4 Algemene indrukke

2.5.4.1 Die lidmate in Suid-Amerika dring sterk daarop aan dat die Ned. Geref. Kerk sy lidmate aldaar jaarliks moet besoek. Daar is 'n honger na die Woord soos dit deur hul eie kerk verkondig word.

2.5.4.2 Al is hulle Spaans of Portugees goed magtig, vind ons lidmate

nie 'n tuiste in die plaaslike inheemse kerke nie. **Die Union Church het nie 'n belydenisgrondslag nie, omdat dit oopstaan vir alle Engelstaliges van alle kerkverbande.** Baie hang af van wie die leraar op 'n gegewe tydstep is. Die Union Church staan onder beskerming van die VSA se Council of Churches.

2.5.4.3 Die lidmate verlang ook dat die Ned. Geref. Kerk die sakramente aan hulle moet bedien.

2.5.4.4 Dit is bemoedigend dat ons lidmate in Suid-Amerika nog erns maak met hulle aanbedding van die Here, gemeentes soek om by in te skakel en dat etlike van hulle 'n leidende rol in die Union Church gemeentes speel.

## 2.6 Besoek aan Noord-Amerika (VSA en Kanada)

### 2.6.1 Los Angeles

2.6.1.1 In hierdie groot stad is daar kantore van die Departement van Inligting, Satoer en die S.A. Lugdiens.

2.6.1.2 'n Diens is in die inligtingskantoor gehou, bygewoon deur die hele personeel en hul gesinne. Die volgende kerke was hier verteenwoordig: N.G. Kerk, N.G. Kerk in Afrika, Kleurling Methodiste Kerk, Rooms Katoliek, Presbiteriaans. 'n Jodin het ook die diens bygewoon. Die kleurling is 'n gewaardeerde lid van die RSA Staatsdiens. 'n Swart leraar van die N.G. Kerk in Afrika, ds. Setshedi, (hy studeer aan die Fullerton College) was ook teenwoordig. Van die dertien aanwesiges by die diens was vyf N.G. Kerk lidmate.

2.6.1.3 Vanweë 'n Afrika-konferensie van Toerisme kon die drie personeellede van Satoer nie die diens bywoon nie. Hulle is egter afsonderlik op kantoor besoek. Twee van hierdie persone is lidmate van die N.G. Kerk.

### 2.6.2 San Francisco

Hier is 'n diens in die Konsul-Generaal se kantoor gereël. Die diens was ook deur dr. en mev. F. Hanekom en mnr. en mev. Etsebeth bygewoon. Dr. Hanekom doen nagraadse studie en mnr. Etsebeth werk in Barclays Bank. Daar is tussen 10 en 20 Suid-Afrikaners wat hier werk of studeer.

### 2.6.3 Chicago

Die Konsul-Generaal het baie moeite gedoen om mense van omliggende stede en universiteite na die diens te nooi. Daar was

meer as 25 persone aanwesig o.a. Prof. en mev. P. Viljoen en dr. en mev. W. Senekal van UOVS. Die Heilige Doop is hier aan 'n drieweke oue baba bedien.

#### 2.6.4 Detroit

Mnr. J. Schoeman ondergaan by General Motors 'n opleidingskursus te Flint naby Detroit. Hy en sy jongeggenote is by Detroit deur ds. Smuts besoek.

#### 2.6.5 Toronto

Lilla Amm, gereelde deelnemer aan die Monitor Program van die SAUK het ds. Smuts se program in Toronto gereël. Sy het 'n diens in 'n kerkgebou gereël wat deur omtrent dertig persone bygewoon is. Hiervan was 'n groepie Suid-Afrikaanse kleurlinge o.a. ds. en mev. Plaatjies. 'n Paar Hollanders was ook in die diens en die res was Suid-Afrikaners.

#### 2.6.6 Ottawa

Die Ambassadeurspos is nog vakant. 'n Diens vir vyf persone is hier gehou. Sommige van die personeel was met verlof.

#### 2.6.7 Washington

Hierdie Missie is die grootste van al die Missies in die Amerikas. Alhoewel etlike van die personeel 'n konferensie van dr. Connie Mulder in New York moes bywoon en ander met verlof was (somervakansie) was meer as 60 persone by die diens, wat in die Ambassadorsaal gehou was, teenwoordig. Die hartlike samewerking tussen die lidmate van die drie Afrikaanse kerke hier was opvallend. Trouens, 'n Gereformeerde lidmaat het ds. Smuts se byeenkoms gereël.

#### 2.6.8 New Orleans

Al die personeellede is op kantoor besoek en 'n byeenkoms is in die Konsul-Generaal se huis gehou.

#### 2.6.9 New York

Ongelukkig het die besoek aan New York saamgeval met 'n lang naweek en was die personeel se getalle baie uitgedun. 'n Diens is in werkure in die amptelike kantore gehou waar 13 persone aanwesig was. Die gesamentlike personeel van die VVO-kantoor van Suid-Afrika, die Inligtings- en Handelskantore is taamlik groot.

## 2.6.10 Opsomming — Noord-Amerika

- 2.6.10.1 Die lidmate in die Amerikas het 'n wye keuse van kerke waarby hulle kan inskakel. Ons lidmate skakel meestal òf by 'n Presbiteriaanse kerk òf by die Christian Reformed Church in.
- 2.6.10.2 Aanvalle op Suid-Afrika vanaf die kansel skep soms probleme sowel as die vrees dat ons lidmate se bydraes via die Wêreld Raad van Kerke ons vyande kan bevoordeel.
- 2.6.10.3 Vanweë die gebrek aan dissipline in die staatskole sowel as die verbod op godsdiensoonderrig plaas baie lidmate hul kinders in privaat kerkskole.
- 2.6.10.4 **Baie lidmate her versoek dat die N.G. Kerk, soos in Europa, na hulle moet omsien.**

## 2.7 Algemene indrukke

Ds. en mev. Smuts se algemene indrukke van hul besoek lui o.a. soos volg:

- 2.7.1 **Van die meer as 300 persone met wie kontak gemaak is, is daar 'n baie hoë persentasie wat getrou bly aan hul belydenis.**
- 2.7.2 Vanweë die taalprobleem in Suid-Amerika was die behoefte aan besoeke deur die kerk nog meer opvallend as in Noord-Amerika.
- 2.7.3 Buitelandse personeel wat vroeër in Europa gewerk het en gewoon was aan gereelde bearbeiding van die kerk se kant, het gepleit dat die kerk hulle ook in die Amerikas moet opsoek.
- 2.7.4 Daar is 'n opvallende honger na die Evangelie soos verkondig binne die raamwerk van ons Kerk se leer.
- 2.7.5 Die meeste persone praat op spontane wyse oor hulle geestelike lewe.
- 2.7.6 Die geestelike en kulturele afsondering waarin baie lidmate lewe — veral in Suid-Amerika — vra ons aandag.
- 2.7.7 Daar is gewilligheid om hul identiteit as gelowiges en Suid-Afrikaners ten alle koste te behou en uit te leef.
- 2.7.8 Die groot offers wat persone met kinders in die buitelandse diens bring, was opvallend.
- 2.7.9 Jongmense vorm 'n betreklik groot persentasie van die buitelandse dienspersoneel.



- 2.7.10 Die eensame lewe wat die ongetroude dames meestal voer, val op.
- 2.7.11 Die pragtige wyse waarop die Staat vir ons Buitelandse Personeel sorg, verdien waardering.
- 2.7.12 Ds. en mev. Smuts is oral hartlik ontvang.
- 2.7.13 In die buiteland word mens opnuut bewus van die talle voorregte en seënlinge wat ons in Suid-Afrika geniet.
- 2.7.14 'n Mens word genoop tot dankbaarheid vir die Christelike Nasionale karakter van ons onderwys, o.a. vir die godsdiens onderrig en dissipline in ons skole.

## 2.8 Toekomstige bearbeiding

Die AKAE is van oordeel dat

- 2.8.1 **Daar mettertyd 'n tweede leraarspos met standplaas Washington geskep moet word.** So 'n leraar sal dan ons lidmate in die Noord-, Sentraal- en Suid-Amerika bearbei.
- 2.8.2 Dat die aantal Weermag-Attachés te klein is om 'n tweede Buitelandse Kapelaanspos van die Staat aan te vra. Die kerk sal dus self vir so 'n pos moet begroot.
- 2.8.3 **Dat die Sinode intussen elke jaar 'n leraarspaar vir twee maande na die Amerikas stuur.** (In die afgelope agt jaar het die Sinode R4 500 per jaar vir Buitelandse Bearbeiding begroot. Hierdie bedrag in aansluiting met die batige saldo in die Fonds, sal voldoende wees om die werk op hierdie basis voort te sit).
- 2.8.4 Dat daar deur middel van 'n nuusbrief gereeld met ons lidmate in die Amerikas kontak gehou moet word en dat die kategese hand- en werkboeke jaarliks aan die kinders in die Amerikas voorsien word. Die ouers kan dan deur middel van huiskategese hul kinders gereeld onderrig.

## 2.9 Aanbevelings

- 2.9.1 Die Sinode gee aan die AKAE opdrag om tydens die reses die skepping van 'n tweede pos verder te ondersoek en aan die volgende Sinode te rapporteer.
- 2.9.2 Die Sinode gee aan die AKAE opdrag om intussen jaarliks 'n leraarspaar na die Amerikas te stuur met die oog op verdere pastorale versorging van ons lidmate aldaar.
- 2.9.3 Die Sinode dra dit aan die AKAE op om in oorleg met die

Algemene Jeugkommissie die toepaslike kategetiese leerstof aan die kinders van ons lidmate in die Amerikas te voorsien.

- 2.9.4 Die Sinode dra dit aan die AKAE op om deur middel van 'n nuusbrief gereeld in aanraking met ons lidmate in die Amerikas te bly. Hierdie nuusbrief kan ook aan die Buitelandse Leraar in Europa voorsien word ingeval hy daarvan gebruik wil maak.
- 2.9.5 Aangesien die Staat slegs vir die pos in Europa begroot, herhaal die Sinode sy vorige begroting van R4 500 per jaar vir die pastorale versorging van ons lidmate in die Buiteland wat nie deur die bestaande buitelandse pos gedek word nie.
- 2.9.6 Die Sinode betuig sy dank teenoor ds. en mev. M.J. Smuts vir hul besoek aan die Amerikas en aan die Sinode van Oos-Kaapland wat aan ds. Smuts verlot hiertoe toegestaan het.